# Lesing 54 - 7 Mei 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 65 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 28/12/18

"MY kinders, EK IS spreek tot julle en hoor MY Woord met julle harte van bereidwilligheid om te leer. Die aardse plesiere en neigings is baie sleg vir julle siele en geestelike bestemming.

Begeer nie die aardse rykdom en plesier nie, omdat dit veroorsaak dat julle siele verstrik raak en gebonde raak met die materie, en dit veroorsaak dat julle siele op die weg van die dood gaan. Hoe meer julle meng met die dooie geldgode, hoe meer en dieper val julle in die duister sfere van MY teenpool en sy trawante. Hy wil hê dat julle siele moet sterwe deur sy koninkryk en skatte vir julle aan te bied. **Maar hierdie skatte bevat gif vanuit die Nagashim wat die lig van julle wese wil uitdoof.** Hy wil julle slawe maak deur julle luiaards te maak en wil julle sintuie belemmer deur sy slinkse metodes deur middel van **besoedelde voedsel, water, tegnologie, musiek en vermaak**. Wees versigtig, MY kinders, om nie binne sy vangnette te trap nie.

Net soos wat EK MY dissipels en knegte beveel het om vissers van mense te wees, net so het MY teenpool ook visnette met gifhoeke aan wat julle wil vang en sleep na die slagtande van die seedraak. Die buit wat MY teenpool gebruik is baie verlokkende en smaaklike appels, maar aan die binnekant vrot die appels met die gif van besoedeling en dood.

Die materie vergaan en hou nie vir ewig nie. Daarom het EK julle vermaan om eerder skatte in die Hemele te vergader deur liefdeswerke en geestelike dade van naastehulp te doen. Julle moet fokus op die Gees, omdat EK GEES IS! **In die GEES is die LEWE verborge en net deur hierdie Weg van LIEFDESGEES te betree sal julle die LEWE vind in MY JAHSHUA omdat EK die LEWE SELF IS.**

Begin LEWE in liefdesharmonie met MY en gee alles oor aan MY Wil van Volmaaktheid. Wees gefokus om julleself te verbeter as mense, as geskapenes. Julle het in sondes verval en net met opregte berouvolle harte kan EK julle vergewe. Maar daarna moet julle ywerig werk om nie weer terug te val in die sondige verslaafmiddels van MY teenpool nie. Wees waaksaam en bid! Bid met Liefdeshart woorde en nie met die lippe nie. Want die Meetsnoer is die maatstaf wat die hart se Liefde en opregtheid meet en nie julle aardse besittings en welstand nie.

Wees daders van Barmhartigheid en help julle broers en susters om op die Weg van die Lewe te kom, want in LEWE is LIG en volkome VRYHEID in MY, die MEESTER VAN LEWE."

Openbaring 66 ontvang op 28/12/18

"Daar is nog baie Water wat vanuit MY Hemele moet neerdaal om die saad van Geloof te laat ontkiem en te laat groei tot vrugdraende bome van prag en Lig.

MY Boere-Geloftevolk, wees nie bevrees oor die nag wat aanbreek en die oorlog wat dreig nie, want hulle wat MY as hulle EERSTE LIEFDE het, sal niks oorkom en hoef niks te vrees nie. Julle Geloof moet versterk in MY en MY Beloftes. Vir julle wat nog verslaaf is aan die wêreldse besoedeling, hierdie is weereens MY oproep aan julle om daaruit te kom en te besef dat sulke drek baie skadelik is vir julle sieleheil. **Julle moet Apart-gestel bly binne MY LIEFDESLAER van Apartheid**. Julle moet alle versoekinge bestry met MY Krag en Wysheid en bestry dit met Geloof en Werksame Wil. Wees 'n oorwinnaar!

Die nag van oorlog wat aanbreek en wat dreig om MY kinders uit te wis, dit sal 'n erge stryd wees met trane wat byna nie ophou sal vloei. **Riviere van bloed** sal daar wees en smarte sal hulle beetpak **wat MY kinders vervolg het** en ook hulle wat MY en **MY Wet van LIEFDE ongehoorsaam was.** Net soos in die tyd van Noag word julle oor en oor gewaarsku om julle aardse denkwyses en ongehoorsaamheid te stop en om terug te kom na **MY Weë van LIEFDE en WAARHEID**. Maar die tyd is byna hier waar hulle wat nie wil luister nie, beetgepak sal word met die **Gees van Verskrikking** en EK sal besoeking doen en hulle besig vind met **afgodery, lastering, vloek, seksuele misdaad, verbastering en liefdeloosheid**. Hulle sal pleit by MY vir Genade met onopregte hart wat sonder Liefde is vir MY, maar EK sal aan hulle sê: **"EK ken julle nie omdat julle nie MY ken nie**." En weet dat jy geen verskoning het nie, omdat jy oor en oor gewaarsku was deur MY GEES en Woord!" Hulle sal 'n baie erge leerskool binnegaan en daar sal 'n gekners van tande wees omdat hulle die dogter van Babilon aangehang het uit trotsheid en hoogmoedige harte.

Maar MY kinders, julle moet volhard om MY Woord uit te dra en wees lewende voorbeelde van dapper kinders wat hul Skepper wil behaag te alle tye. Word een met MY in hart en siel. **Wees LIEFDE BO ALLE LIEFDE met julle hele hart, siel, verstand en wese**. EK het vir julle **'n Laer geskep deur MY GEES VAN WAARHEID.** Julle word steeds uitgenooi om MY Gilgaliete te wees, want die Jordaan lê voor Ons en EK wil julle lei na die EENWORDING en Wedergeboorte van gees. EK wil julle hier by MY hê, hier **in die Allerheiligste Apartheid in MY VOLMAAKTE LIEFDE**.

Julle moet terugkeer na MY en EK staan julle altyd by met liefdeshulp, Krag en Wysheid. Maar dit alles hang af van julle wil en keuse of julle MY wil aanvaar en volg, en of julle in die wêreld van boosheid wil wegsink onder die vervloekinge van **Deuteronomium 28**.

Julle KAN dit doen MY kinders! Moenie vrees om MY

te kies nie en **moenie julle geliefdes meer lief hê as vir MY nie**, want julle moet MY altyd kan kies bo alles. EK IS JALOERS en MY Vaderhart brand en ontvlam van LIEFDE vir julle. Kom en haal vir julle die Saad van Lewe in MY. Omvorm tot LIEFDE en wees gehoorsaam aan die oproep tot ontwaking in gees sodat julle kan LEWE en die dood sal julle nie smaak nie in alle Ewigheid!

Julle moet mekaar liefhê en medelye betoon met begrip en Wysheid teenoor mekaar. **Wees eerder die laaste en die nederigste en dien jou broer of suster**. Wees laaste, want wanneer EK sê dat die laastes eerste sal wees in MY Ryk, dan bedoel EK dit met ERNS en EK sal nie mee onderhandel word nie, omdat MY WOORD ewig onveranderlik is!"

Openbaring 67 ontvang op 03/01/19

"MY kind, MY Liefdesvegter, skrywe MY Woord vanuit jou hart, waar EK IS! EK kyk na MY kindertjies en hulle is maer en verlate. Hulle kort voeding vanuit MY Liefde en Waarheid.

MY kinders, julle betree nou 'n baie onsekere tydperk in julle land. Julle weet nie wat om te verwag nie en hier en daar kry julle idees of gedagtes van wat kan gebeur. **Die duistere nag wat besig is om neer te daal is EK wat in MY Grimmigheid neerdaal oor hulle wat MY nie gehoorsaam het nie en wat doelbewus teen MY gelaster en gerebelleer het**. Maar vir hulle wat MY gehoorsaam het en **hulleself verseël het binne MY APARTGESTELDE LIEFDESLAER, sal EK 'n Vesting van Beskerming en Bekragtiging wees.**

Maar julle moet nou in hierdie tyd haas om julle olielampe te vul met MY Olie van siele voeding. EK spreek so baie met julle, MY kinders en julle moet begin om MY Woorde te omhels en te begeer dat EK nog meer sal spreek. EK wil hê dat julle begin **belangstelling toon in die Geestelike** en dat julle die aardse sal los en oorgee aan MY Gewyde Wil. Maar wanneer julle dit doen, moet julle dit vurig en heelhartig doen.

1) Julle moet vanuit **Egipte** uittrek, julle wat nog vasgevang is in die dwaling.
2) Vir julle wat in die **Woestyn** is, volg MY in gehoorsaamheid om julle lewens en siele te suiwer en om te leer van MY Wet van LIEFDE.
3) **Vir julle wat vergader is by MY Gilgal-Laer, volhard om meer en meer voeding op te neem, sodat julle gereed kan wees vir die oorsteek na die Allerheiligste Beloofde Land.**

Vir al MY Boere en boerkinders, EK nooi julle uit om hierdie laaste uur van Barmhartigheid oor Suid-Afrika te gebruik om terug te kom na MY, die MEESTER van Hemele en Aarde! **Omvorm julle harte tot LIEFDE**, met haas en dringendheid want EK wil begin, en EK sal MY VOLK red!

Moenie vrees en moenie huiwer nie, want in hierdie tyd soek EK **ywerige werkers en daders van LIEFDE** vir MY en julle naaste.

EK sê weer: VREES NIE! Want met MY Donderslag sal alle onheil van julle af wyk en vlug, maar dit hang af van julle vrye wil. Julle moet hard begin werk om julle wil te omvorm tot WERKSAAMHEID en ERNS om na MY te kom en MY bo alles lief te hê."